



# Die laaste rit

Ben Freeth se 2 000 km lange rit te perd om aandag op Zimbabwiese grondgrype te vestig, was nie sy eerste nie. En waarskynlik ook nie sy laaste nie.

**O**mstreeks 07:00 op Maandag 19 Februarie vanjaar klim die Zimbabwiese aktivis Ben Freeth vir die laaste keer op sy sterk Namibiese plaasperd Johnny. Voor hy sy voet in die stiebeuel sit, mompel hy sag: “Oukei, Johnny, oukei...”

Die twee het ’n lang pad saamgekom, in die middel van ’n versengende somer en ’n droogte wat Namibiese boere van Grootfontein tot Keetmanshoop gedwing het om hul diere teen ’n derde van die normale markprys te verkoop.

Freeth, in sy maande lange kakie-uniform en breërandhoed met ’n trou pantveer, se verskrompelde gesig en sakkerige hemp verklap iets van die struikelblokke op sy 2 000 km lange reis.

Op die laaste skof is hy nie alleen nie. Sowat 30 ander ruiters staan tussen die doringbome, borsel perdesterte uit en trek saals reg. Op ’n grys skimmelperd langs Freeth sit sy dogter, Anna. Net die vorige dag het sy uit Londen geland, en haar kaartjie terug is nog vir dieselfde aand bespreek.

Aan die begin van sy reis, op 28 Novem-

**Dis nog nie die einde nie.** Weldoeners het perde en ’n muil verskaf vir Ben Freeth se 2 000 km lange tog. Johnny was sy bondgenoot op die laaste skof. “Sy naam beteken genade, en dit is wat ek keer op keer tydens die rit ervaar het.”

ber 2023, was Anna ook langs hom op die plaas Mount Carmel buite Harare. Dit was ’n warm dag en Anna het sonsteek gekry.

Oor ’n paar uur sal Anna ook aan die einde van haar pa se reis aan sy sy wees op die trappe van die historiese Turnhalle-gebou in Windhoek, eens die tuiste van die Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se tribunaal.

Voor die ruiters die laaste skof aanpak, bid Freeth eers. Toe vertrek die uiteenlopende groep in die rigting van die opkomende son. Sommige is ou vriende en bondgenote van Freeth, soos sy tennismaat, Reggie, wat hom ’n paar dae tevore op die pad verras het. Maar die meeste is Namibiërs wat in die media van Freeth se ryery gehoor het, en hom spontaan kom ondersteun het.

In die veld langs die A1-snelweg word vlae van die 16 SAOG-lidstate aan die ruiters uitgedeel, min of meer in ’n ry vir al die fotografe van die mediagroep. “Wat ’n groot dag,” roep ’n ouerige Keniaan uit terwyl die groep die snelweg oorsteek en in ’n kurkdroë loop van die Klein-Windhoekrivier ry.

Oorspronklik sou die groep reg tot teen die trappe van die Turnhalle-gebou ry, maar die polisie het slegs toestemming gegee vir Johnny om die stad binne te gaan.

In werklikheid het dit toe meer trefkrag: Freeth te voet, met Johnny se toom in sy een hand en ’n eenvoudige houtkruis in die ander, en ’n paar dosyn mense wat te voet met wapperende vlae in Robert Mugabe-rylaan volg.

Onder effens gedempte toejuigings kom sy reis – vir eers – tot stilstand, en ’n impromptu-toespraak op die trappe van die SAOG-tribunaal volg. ’n Memorandum gerig aan die SAOG-sekretariaat, wat die herstel van die tribunaal versoek, word voorgelees. Iemand bring vir Johnny water, maar die onrustige perd wil nie suip nie.

En só het Freeth se lang rit vir geregtigheid geëindig.



Freeth was erg skepties oor die Namibiese deel van sy reis. "Die droogte het my bekommer, maar ook omdat 'n groot deel van die roete deur private, omheinde grond geloop het. Ek het nie geweet hoe ons water en weiding sou vind nie. Maar ál die hekke het vir my oopgeswaai en die gasvryheid was ongelooflik." 'n Groep ondersteuners het hom buite Windhoek gekry vir die laaste skof, maar is verbied om te perd saam met hom die stad in te ry.



'n Man, ene Yuri, geïnspireer deur die verhaal van Ben Freeth se reis, het 'n leersaak gemaak met die naam Tsedeq - een van die perde waarmee hy van Zimbabwe tot in Namibië gery het - daarop gegraaveer.

## Die agtergrond

Op die vooraand van sy laaste rit het 'n paar honderd mense in Freeth se eer by die Rolé-perdesentrum in Brakwater bymekaargekom om hom te hoor praat oor sy reis. Diegene wat gehoop het op 'n reisverhaal sou teleurgesteld wees, want Freeth se storie begin in 2007, die jaar toe hy en sy skoonpa, Mike Campbell, hulle op die SAOG-tribunaal beroep het om hul plaas, Mount Carmel, teen die wettelose grondhervormingsprogram van die Zimbabwiese regering te help beskerm.

Die destydse regering het duisende kommersiële plase afgeneem sonder om eienaars te vergoed, en hoewel Campbell hom herhaaldelik tot die Zimbabwiese howe gewend het, het hy uiteindelik geen beskerming gekry nie.

Op 28 November 2008 het die regters van die SAOG-tribunaal ten gunste van Campbell, Freeth en verskeie bykomende aansoekers bevind, en beslis dat hulle billik vergoed moet word vir hul grond. Dit het

nie gebeur nie. Pleks daarvan het Robert Mugabe se regering die besluit verwerp en daarna aan die SAOG-tribunaal onttrek.

Terwyl hy op 19 Februarie vanjaar in die middel van die perdering staan, kompleet nes 'n Anton van Wouw-bronsbeeld wat 'n Anglo-Boereoorlog-toneel uitbeeld, draai Freeth nie doekies om oor die dag in 2008 toe hy en sy skoonfamilie van Mount Carmel ontvoer en in 'n ondervragingskamp gemartel is nie. In 2009 is hul huise tot op die grond afgebrand. Campbell, wat nooit van die aanval herstel het nie, is in April 2011 oorlede. 'n Maand ná sy dood het die SAOG-staatshoofde gesamentlik besluit om die tribunaal op te skort.

Op daardie tydstip het die verontwaardigde hoof van die tribunaal, regter Ariranga Pillay, gesê: "Ek dink... hulle voel hulle het 'n monster geskep. Hoekom? Hulle het nie al die implikasies van 'n SAOG-tribunaal verwerk nie. Hulle was waarskynlik onder die indruk dat die tribunaalregters net met regterlike aktivisme besig was."

Ná die ontslag van sy regters het die staatshoofde van SAOG-lande vervolgens probeer om die tribunaal se protokol met 'n nuwe protokol te vervang, wat individuele toegang tot die hof afgeskaf het. Daar was egter 'n struikelblok.

Om die protokol te verander, was die handtekening van twee derdes van die SAOG-staatshoofde nodig, en slegs nege uit 16 het geteken. Dié getal het in Desember 2018 tot agt verminder nadat die Grondwethof in Suid-Afrika bevind het oudpres. Jacob Zuma het onregmatig opgetree toe hy saam met ander staatshoofde die tribunaal opgeskort en ontbind het. Zuma se handtekening is dus verwyder.

Daaropvolgende regsdinge in Tansanië het tot soortgelyke bevindings gelei. Teoreties behoort die ou protokol steeds van krag te wees, en met die regte aandag en druk kan die streek weer 'n hof hê waarheen individue wat nie geregtigheid by die huis kan vind nie, sake kan bring.

Dís hoekom Freeth die roete afgelê het. ▶





Onder die groep wat Ben Freeth op die laaste skof van sy tog tot op die trappe van die SAOG-tribunaal in Windhoek vergesel het, was onder andere 'n hoefsmid van Okahandja in Namibië, 'n Zimbabwiese lid van die parlement, 'n miljoenêr-gewasboer van Zambië en 'n vrou van Kenia wat in die 1960's gehelp het om gratis klinieke in Kalifornië te stig.

### ◀ Drie perde en 'n dwars muil

Op die stoep van sy laaste blyplek, die aand voor die laaste ent in Windhoek, het Freeth laat blyk dié lang rit op soek na geregtigheid was nie sy eerste lang rit nie. In 1996, met twee muile, drie donkies en 'n vriend, het Freeth 2 000 km gereis van Jimma in Ethiopië, deur die Omoriviervallei tot bo op die hange van Berg N'giro in Kenia.

“Daar was geen polisieled, paaie, skole of hospitale nie,” het Freeth vertel. Hy het dié ervaring en lewensles in sy 2011-boek, *Mugabe and the White African*, beskryf. “Die mens het 'n stelsel van wet en orde nodig sodat lande nie moet ontaard in plekke van sinlose menslike tragedie waar honger en armoede deur die loop van 'n geweer afgedwing word nie.”

Freeth wou tóe al 'n soortgelyke tog aanpak, maar jong kinders en die druk om grondhervorming in Zimbabwe te oorleef, het sy tol geëis.

Hier het die 52-jarige Freeth 'n oomblik gehuiwer met sy vertelling. “Ek is midde-in 'n moeilike egskending. Buiten die ineenstorting van wet en orde in Zimbabwe is dit waarskynlik die onstuimigste tyd in my lewe. Hierdie rit na Windhoek was waarskynlik ook 'n poging om persoonlike genesing te vind.”

Die logistieke reëlins van sy reis was welkome afleiding, en aangesien die egskendingsprosedures hom byna al sy hulpbronne gekos het, was die enigste manier om voort te gaan in 'n gees van geloof.

Eerstens het hy 'n perd nodig gehad. “'n Vriend in Matabeleland het aangebied om

te help, en toe ek die stal besoek, het die eienaar na 'n wilde, sjokoladekleurige hings gewys en gesê: ‘Dis joune.’” Freeth het die perd Tsedeq genoem, Hebreeus vir “geregtigheid” en “die reg”.

Die perd het hom afgegooi terwyl Freeth hom ingebreek het en hy het vier ribbes gebreek, net 17 dae voor sy beplande vertrekdatum. “Om simboliese redes wou ek op die 15de herdenking van die SAOG-tribunaal se uitspraak ten gunste van Zimbabwe se boere vertrek, maar ek was in soveel pyn dat ek getwyfel het.”

Wonder bo wonder het Freeth dit tóg reggekry om op 28 November in die saal te klim. Sy dogter het op Tsedeq gery, terwyl hy eers op haar makker perd gery het.

Gedurende die hele 800 km lange tog deur Zimbabwe was dit nie vir Freeth en Tsedeq nodig om een heining oor te steek nie. “Jy kan reg oor die land ry. Dít is die impak van grondhervorming.”

Aanvanklik het Freeth elke oggend om 03:00 opgestaan om in die pad te val, maar het gou besef dit is te maklik om goed te vergeet of nie behoorlik op te saal nie. Hy het sy begintyd na 05:00 verander en tot net ná donker gery.

“Wanneer ek vroeër afgesaal het, het mense op my afgekome en gesê: ‘Jy kan nie hier slaap nie, dit is nie veilig nie’, en my dan na hul huis genooi. Dan moes ek weer die kamp afsla, oppak en sosiaal wees, terwyl ek doodmoeg was.”

'n Nieuwe band het ontstaan tussen Freeth en Tsedeq, wat langs mekaar geslaap het.

Die reën het weggebly en die twee was

afhanklik van gemeenskapswaterputte, met Freeth wat Tsedeq uit sy boshoed moes water gee. “Ná omtrent 11 hoedens vol was sy dors geles.”

### Op galop sonder 'n toom

Naby die Victoria-waterval het hulle 'n nuwe ontkoming met olifante gehad. “Ons het op 'n tweespoorpad gery toe Tsedeq skielik gaan stilstaan. Ek het geweet dit was waarskynlik olifante, en omdat die wind in ons rigting gewaai het, het ek gedink ons sou eers staan en wag. Die volgende oomblik het 'n olifantkoei in die pad te voorskyn gekom, taamlik naby ons. Sy het ons nie gesien nie en die wind was in my gesig.

“Ek het my kamera uitgehaal om 'n foto tussen Tsedeq se ore deur te neem. Die koei het vorentoe geloop met haar kalf in haar spore. Tsedeq se ore het gespan en sy nek was platgetrek... Toe meer en meer olifante verskyn, het die perd in die teenoorgestelde rigting begin galop.

“Net die vorige dag het ek 'n toom verloor toe ek 'n rivier met ruie doringbome oorgesteek het. Op volle galop was dit soos om in 'n sportmotor sonder 'n stuurwiel of remme te wees!”

Hy het sy gebreekte ribbes gevoel. “Om te keer dat takke my van die perd stroop, het ek my lyf teen Tsedeq platgedruk en hom probeer gerusstel. Ek het gesê: ‘Als is reg, hierdie olifante sal ons nie seermaak nie, ons is oukei.’ Toe hy uiteindelik tot stilstand kom, het ek hom in die rigting van die olifante gestuur, en daarna was hy naastenby oukei met hulle.”

By Kazungula, waar die grense van Zimbabwe, Namibië, Botswana en Zambië bymekaarkom, moes Freeth Tsedeq in 'n perdesleepwa huis toe stuur. Met lang kwarentyntydperke en ander veeartsproesse was dit net te ingewikkeld om 'n perd oor die grens te neem. Hy was ook bekommerd dat sy geliefde perd nie die strawwer omgewingstoestande in die noorde van Namibië sou oorleef nie.

Ná 'n blaaskans om te herstel het Freeth na Windhoek gevlieg om sy volgende perd te kry. 'n Sterk muil, die 15-jarige Morenga, was 'n ruk sy reisgenoot. Die nuwe tweemanskap het goeie vordering deur die Caprivistroom gemaak, totdat hulle naby Rundu op drie perde afgekom het. Muile is hoogs sosiale diere en hou veral van perdegeselskap. "Hierna het hy herhaaldelik weggeloop, elke keer terug na die perde wat hy gesien het."

Freeth se volgende perd, Stardust, was " 'n ware heer". Hulle twee het van Rundu tot op Grootfontein gery. Toe het Johnny aan die beurt gekom.

Namibiese boerderiefamilies het Stardust en Johnny aan Freeth geleen. "Die ondersteuning in Namibië was werklik merkwaardig."

In Zimbabwe het Freeth elke nag in die bos geslaap, maar in Namibië het verskeie gesinne hom verwelkom. Hy het van die beste rooivleis ter wêreld te ete gekry, twee

perde is aan hom geleen, en daar was altyd voer en water vir sy ryperde.

Freeth het baie tyd gehad om uit te pluiskom sy rit mense só aangegryp het. "Deels is dit omdat mense Zimbabwe van 'n afstand afsien brand het, maar magtelos gevoel het om iets daaromtrent te doen. Skielik is daar hierdie Zimbabweër wat vir geregtigheid opstaan, en hulle het 'n uitlaatklep vir hul simpatie gevind." Maar hy erken dat dit heel moontlik vir baie mense eerder oor die perde gegaan het.

"Namibiërs is perdemense, hulle is byna soos die Mongoliërs in sommige opsigte. Dalk het die beeld van hierdie man, kronkelend deur die land op 'n Namibiese plaasperd, 'n bietjie van daardie geskiedenis opgeroep: die Dorslandtrek, die wilde perde van die Garub..."

Freeth het die grootste deel van die dag gebid. "Ek het op Johnny gery en het die betekenis van John gaan Google – 'God is genadig'. Dit het regtig opgesom wat ek keer op keer op hierdie reis geleer het."

### En wat is volgende?

Die paar dae voor die laaste skof het ek 'n paar hoëprofielpersone by Freeth se blyplek opgemerk, waaronder dr. Theo de Jager, voormalige president van die Wêreldboere-unie en die direkteur van Saai. Saam met

De Jager was Barend Uys van AfriForum, en dié twee was grootliks verantwoordelik vir die memorandum wat op die trappe van die SAOG-tribunaal voorgelees is.

"Ben se rit eindig, maar ons reis om die tribunaal te herstel, het pas begin," het De Jager gesê. AfriForum se regsman het 'n lang, ondersteunende pad gestap met die Zimbabweiese boere wat die SAOG-tribunaal genader het. Dit lyk of 'n politieke strategie hul huidige plan is, waarvolgens hulle alliansies met hoofmanne en koningshuise reg oor die streek vorm.

Op die trappe van die Turnhalle-gebou was ook Mogakolodi Masibi van die Batlharo Boo Ba Ga Tokwana-tradisionele gemeenskap van Disaneng, wes van Mahikeng in Noordwes, en Mqondisi Moyo, voorsitter van Zimbabwe se Mthwakazi Republikeinse Party.

'n Interessante mengsel, maar nie 'n alliansie waarvoor SAOG-staatshoofde noodwendig tans wakker sal lê nie. Freeth wou die steun van die Namibiese Landbou-unie (NLU) kry, maar die voorsitter, Thinus Pretorius, het 'n verklaring uitgereik wat duidelik maak dat die NLU hom onderwerp aan die grondwet van die land, "wat die oppergesag van die reg en die besit van eiendom onder die handves van fundamentele regte waarborg. Terwyl ons empatie het vir die Zimbabweiese boere wat hul grond verloor het, is daar nie meer 'n SAOG-tribunaal in Windhoek nie, en daarom sal die NLU nie aan die aksie deelneem nie".

Freeth het amptelik geantwoord deur te sê "die NLU het blykbaar die punt gemis" en dat wat in Zimbabwe gebeur het, "op enige plek kan gebeur". Hy het verwys na die reaksie van 'n lid van die alliansie om die tribunaal te herstel. "Ben, daar is twee soorte landbou-unies in die wêreld. Die eerste soort gaan na die regering en vra wat hy wil hê, en gaan dan na die boere en vertel hulle wat die regering wil hê. Die ander soort gaan na die boere en vra wat hulle wil hê, en gaan dan na die regering en sê vir die regering wat hy moet doen. Ongelukkig is die eerste soort unie in die oormag."

Die Zimbabweër Ben Freeth is dalk nie meer te perd nie, maar sy lang rit vir geregtigheid is ver van verby. **LBW**



By Ben Freeth (regs), is, van links, Mogakolodi Masibi van die Batlharo Boo Ba Ga Tokwana-gemeenskap in Noordwes, dr. Theo de Jager van Saai en Barend Uys van AfriForum.